

Koringfokus

VOL 38.5

SEPTEMBER • OCTOBER 2020

Wheat focus

Rust in Zim, potential implications for SA

Klein brouerye soek spesiale mout

**EVALUERING VAN NUWE
KORINGKULTIVARS**

Luisbeheer op Koring met

Doublestar™ 25 SL

'n Oplosbare sistemiese vloeistof as kontak - en maaginsektdoder vir die beheer van Haverplantluis en Graanroosluis op koring.

GRAANROOSLUIS




Foto Krediet: Dr. G. Prinsloo, L.N.R. Kleingraansentrum

HAWERPLANTLUIS




Foto Krediet: Dr. G. Prinsloo, L.N.R. Kleingraansentrum


Benattingseienskappe wat die verbetering in
LUISBEHEER BEWERKSTELLIG.



Asetamipried
op sy eie.



Asetamipried
plus 'n oliebasis benatter.



Doublestar™ 25 SL.

Wat maak

DOUBLESTAR™ 25 SL UNIEK?

- Unieke formulاسie in die bedryf.
- Gunstiger bye toksisiteit (LD50) profiel as ander geregistreerde Neonikotinoïedes op koring.
- Uitstekende benattingseienskappe vir 'n goeie uitklopaksie.
- Vloeibare formulاسie, wat vermenging vergemaklik en veiligheid van hantering verhoog.
- Enigste geregistreerde opsie op koring vir die beheer van Graanroosluis in Suid-Afrika.
- Bevat Orowet tegnologie wat help met:
 - Die uitdroging van sagte huid insekte en oppervlakkige swamstrukture.
 - Beter benatting en blaredak penetrasie van plantegroei met lae volume bespuitings.
 - Verminder spuitnewel-wegdrywing.
- Proewe toon dat Doublestar 'n vinniger uitklopaksie van luisse as standaard Asetamipried bied.

DOUBLESTAR™ 25 SL Reg. No. L8884, Wet No. 36 van 1947

DOUBLESTAR™ 25 SL bevat Asetamipried (asetamidien), (VERSIGTIG)

DOUBLESTAR™ hangende handelsmerk van AECI Beperk (Nulandis® 'n afdeling van AECI Beperk)

AECI Chem Park, 200 Berggrivierlyaan, Chloorkop, Kemptonpark, Suid-Afrika, 1619
T +27 11 823 8000

nulandis.com | info@nulandis.com | aeciworld.com

AECI[®]
PLANT HEALTH



Koringfokus

Wheat focus

VOL 38.5

SEPTEMBER • OCTOBER 2020

VOORBLAD:

Met tydige reën lyk gesaaides in die Swartland en Overberg belowend. 'n Bogemiddelde nasionale oes van wintergraan word verwag.

REEDS 38 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 38 YEARS

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium

Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



MEDIACOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552**

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediacom.co.za
www.mediacomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702 / 082 780 9914

UITLEG: Roelien van der Westhuizen

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediacom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Die uitgewer behou die reg om taalversorging te doen aan bydraes wat vir publikasie ingedien word.



AGRI-INFO

- 5 Internasionale samewerking vir voedselsekerheid
- 8 Normale tot goeie reën in somergebiede verwag
- 10 Super koring vir super gesondheid
- 13 Local farmer programme generates full harvest
- 14 Natuurlike stimulante help koring se opbrengspotensiaal realiseer
- 18 A new force in the seed industry
- 18 Erratum
- 23 Inperking eis plaaslike spesialiteitsmout vir boetiekbier
- 24 Prof Zakkie Pretorius honoured in "science oscar"
- 26 Bank skenk R1 milj aan voedselverspreider
- 26 Stigting help landbou met kospakkies aan behoeftiges
- 29 Inligtingsdiens oor graan en oliesade is betroubaar en trustgeld veilig
- 30 Fertasa honours members and contributors



SMALL GRAIN

- 6 Evaluering en vrystelling van nuwe broodkoringkultivars
- 12 Research for cheaper and more eco-friendly pest control products
- 16 Stikstof strem inkomste uit groter garsoes
- 20 Leaf rust races in Zimbabwe, potential implications for SA



MARKET-INFO

- 4 Groter oeste in wintergraan verwag
- 27 Sóveel produkte uit koring vervaardig
- 28 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie



Samewerking vir voedselsekerheid

4



Beste koring tradisioneel verwerk

10



Nominated for a "science oscar"

24

Nampo op skerms lok duisende

NAMPO VIRTUEEL WAS 'n spanpoging en die resultaat van verskillende landbouvennote en uitstallingspersoneel, sê Dirk Strydom, bestuurder: Graanekononomie & Bemaking by Graan SA. Dié unieke gebeurtenis word as 'n groot sukses bestempel en dit bewys weer die veerkrachtigheid van die landbousektor. Die virtuele uitstallingsplatform het meer as 36 872 besoekers gelok en die AgriXtra-kanaal 8 239 kykers. Die volgende Nampo Oesdag is vir 11-14 Mei 2021 op Nampo Park by Bothaville geskeduleer. 🌾

Groter oeste in wintergraan verwag

HEELWAT GROTER OESTE van wintergewasse word in die komende seisoen verwag. Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) se oppervlakte- en eerste produksieskatting vir die 2020-seisoen, wat 27 Augustus 2020 uitgereik is, word 28% meer koring verwag.

Beter landboustoestande veroorsaak ook 'n positiewe voorspelling vir moutgars, kanola en hawermout. Die voorspelling dui op beter opbrengs per hektaar vir al die wintergraan.

Vir moutgars word 46% meer ton verwag, vir kanola 29% meer en vir hawermout 176% meer ton.

Koring

Die verwagte nasionale produksie is 1,962 miljoen ton, wat 27,83% of 427 230 ton meer is as die vorige seisoen se oes van 1,535 miljoen ton, terwyl die verwagte opbrengs 3,80 t/ha is (Tabel 1).

Hoewel net 1 000 ha meer aanplantings in die Wes-Kaap verwag word, styg die produksie in vergelyking met die vorige seisoen met 328 000 ton tot 'n verwagte

979 000 ton (Tabel 2). Dié oes kan ongeveer 50% van die nasionale oes oplewer.

Uit die Vrystaat word 380 000 ton verwag, wat 54 000 ton meer is as in die vorige seisoen. Die oppervlakte daal egter met 28 000 ha tot 100 000 ha. Die Vrystaat se bydrae kan 19% van die nasionale oes wees.

Ook uit Limpopo word meer koring verwag. Produksie kan met 18 000 ton tot 138 000 ton toeneem en hulle aanplantings met 3 000 meer hektaar tot 23 000 ha.

In die Noord-Kaap kan die oppervlakte ook daal, maar die verwagte produksie kan met 15 000 ton tot 277 500 ton toeneem. Dit is 14% van die nasionale oes.

Die twee provinsies waaruit die minste koring verwag word, Mpumalanga en Gauteng, se oppervlakte en produksie gaan na verwagting afneem.

Ander gewasse

Die produksieskatting vir moutgars is

Tabel 1: Wintergewasse se oppervlakeskatting en eerste produksieskatting vir die 2020-produksieseisoen.

| GEWAS (kommersiële) | Oppv. beplant 2020 (ha) | Oppv. beplant 2019 (ha) | 1ste skatting 2019 (ton) | Finale oes 2019 (ton) | Verandering % (1ste skatting vs finale 2019 oes) |
|---------------------|-------------------------|-------------------------|--------------------------|-----------------------|--|
| Koring | 515 800 | 540 000 | 1 962 230 | 1 535 000 | +27,83 |
| Moutgars | 141 690 | 131 960 | 505 215 | 345 000 | +46,44 |
| Kanola | 74 120 | 74 000 | 122 820 | 95 000 | +29,28 |
| Hawermout | 27 000 | 21 000 | 45 500 | 16 500 | +175,76 |

Tabel 2: Koring se oppervlakeskatting en eerste produksieskatting vir die 2020-produksieseisoen.

| Provinsie | Oppv. beplant 2020 (ha) | Oppv. beplant 2019 (ha) | 1ste skatting 2020 (ton) | Finale oes 2019 (ton) |
|---------------|-------------------------|-------------------------|--------------------------|-----------------------|
| Wes-Kaap | 326 000 | 325 000 | 978 000 | 650 000 |
| Noord-Kaap | 37 000 | 37 500 | 277 500 | 262 500 |
| Vrystaat | 100 000 | 128 000 | 380 000 | 326 000 |
| Oos-Kaap | 4 000 | 3 100 | 24 800 | 18 150 |
| KwaZulu-Natal | 7 800 | 7 500 | 47 800 | 45 750 |
| Mpumalanga | 3 000 | 4 000 | 19 500 | 25 200 |
| Limpopo | 23 000 | 20 000 | 138 000 | 120 000 |
| Gauteng | 1 300 | 1 400 | 7 800 | 8 400 |
| Noordwes | 13 700 | 13 500 | 89 050 | 79 000 |
| Totaal | 515 800 | 540 000 | 1 962 230 | 1 535 000 |



volgens die NOK 505 215 ton, wat 46,44% of 160 215 ton meer is as die vorige seisoen se oes van 345 000 ton. Die oppervlakte beplant word beraam op 141 690 ha, terwyl die verwagte opbrengs 3,57 t/ha beloop.

Die verwagte kanola-oes is 122 820 ton, wat 29,28% of 27 820 ton meer is as die vorige seisoen se oes van 95 000 ton. Die oppervlakeskatting vir kanola is 74 120 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,66 t/ha.

Die hersiene oppervlakeskatting vir hawer (ontbytgraan) vir die 2020-seisoen is 27 000 ha en die verwagte oes is 45 500 ton. Die verwagte opbrengs is 1,69 t/ha.

Die tweede produksieskatting vir wintergewasse vir 2020 word 29 September 2020 vrygestel.

Inligting oor die oesskatting is beskikbaar op die internet by <http://www.daff.gov.za/links/crop-estimates> of by <http://www.sagis.org.za>, vanaf 14:30 op die dag van die Oesskattingskomitee se vergadering. 📞

Internasionale samewerking vir voedselsekerheid

Vrystaatse plase raak deel van projek

Dr Astrid Jankielsohn

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

DIE MENSDOM HET dié punt bereik waar voedselproduksie die omgewing bedreig, terwyl dit juis dié omgewing is wat mense onderhou. Wêreldwyd loop ekosisteme die gevaar om in duie te stort.

Volgens die Verenigde Nasies se biodiversiteitsverslag van 2019 (FAO 2019, <http://www.fao.org/3/CA3129EN/CA3129EN.pdf>) bedreig menslike aktiwiteite wêreldwyd die biodiversiteit. 'n Miljoen spesies kan binne die volgende dekade uitsterf. As hierdie organismes verdwyn gaan mense se oorlewing op die spel wees, aangesien die mensdom vir voedselproduksie van die organismes en 'n stabiele klimaat afhanklik is.

Vir toekomstige wêreldwye voedselsekerheid sal navorsing moet fokus op die huidige stand van biodiversiteit en ekosisteemdienste in landbou-ekosisteme en om die beste landbouproduksiestelsels te identifiseer, wat ekosisteem-biodiversiteit en funksies te midde van 'n veranderende klimaat sal beskerm en onderhou.



Dr Astrid Jankielsohn, projekkoördineerder van die Africap-agroecology projek in Suid-Afrika.



Teboho Mofokeng, dr Lisemelo Mtholo en dr Hemant Tripathi by 'n put-lokval vir grondlewende insekte. Dr Tripathi is die projekkoördineerder van die Universiteit van Leeds in Londen.

rende klimaat sal beskerm en onderhou.

Om hierdie doel te bereik is 'n Africap-agroecology projek (www.africap.info) in Suid-Afrika begin. Die projek word befonds deur die Britse regering se Global Challenges Research Fund en word bestuur deur die Universiteit van Leeds en The Food, Agriculture and Natural Resources Policy Analysis Network (FANRPAN) in Suid-Afrika.

Onder die samewerkende deelnemers in Suid-Afrika is die Nasionale Landboubeoordelingsraad, die departement van landbou (DALRRD) en die Landbounavorsingsraad-Kleingraan (LNR-KG).

As deel van hierdie interdisiplinêre navorsing in Suid-Afrika is die doel om die klimaat en ekologiese volhoubaarheid van kommersiële en kleinskaalse plase in die Vrystaat (Thabo Mofutsanyane) te meet. Die navorsing ondersoek die agro-ekologie (plaag, bestuier, biologiese beheer en diversiteit), landboubestuurspraktyke en bestaans- en produksie-uitkomstes van verskillende landboustelsels.

Die agro-ekologiese aspek van die projek fokus op 'n ondersoek van hoe klimaatsaanpassing die verandering in bestuurspraktyke beïnvloed, wat weer insekdiversiteit sal beïnvloed.

Monokulture en intensivering van landbou kan die spesieverspreiding binne 'n ekosisteem beïnvloed en lei tot oorheersing van sommige spesies. Daaruit kan 'n vermeerdering van plaaginsekte volg en 'n verlagings in getalle en diversiteit van ander insekte, wat belangrike ekosistelfunksies bydra.

Hierdie veranderinge kan 'n toename in gewasskade en gepaardgaande opbrengsverliese tot gevolg hê, wat voedselproduksie en sekerheid sal beïnvloed. 'n Konsep van hoe meganismes op plaasvlak die insekverskeidenheid en vermindering van getalle beïnvloed sal die beplanning van meer volhoubare plaagbestuur fasiliteer.

Monitering word hoofsaaklik in die Thabo Mofutsanyane-gebied (Qwaqwa, Bethlehem, Clarens, Warden en Vrede) gedoen. Verskeidenheid en getalle word op 36 plase met verskillende bestuurspraktyke gemonitor. Insekte word as indikatore van diversiteit gebruik, met twee tot drie moniteringstasies in verskeie landerye per plaas.

Die doel van hierdie studie is om patrone en interaksies te meet en die positiewe en negatiewe uitwerking van verskillende produksiepraktyke op gewasproduksie, omgewingstoestande en menslike welstand te bepaal. Die studie sal die ontwikkeling van 'n databasis ondersteun, wat met produsente, plaaslike regerings, nasionale beleidmakers en belanghebbendes gedeel sal word.

Navrae kan gerig word aan Astrid Jankielsohn by 082 564 3795 of jankielsohna@arc.agric.za.



'n Lokval vir vlieënde insekte in 'n sojaland.

Evaluering en vrystelling van nuwe broodkoringkultivars in die afgelope drie jaar

Jolanda Nortjé
SAGL

In die afgelope drie jaar is 21 nuwe kultivars vir die verskillende produksiegebiede vrystel, wat 'n aanduiding van die sukses van die evaluering- en vrystellingstelsel in Suid-Afrika is. Die proses om tot by vrystelling te vorder, is egter deeglik en duur verskeie seisoene. Jolanda Nortjé, laboratoriumbestuurder van die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium NPC, verduidelik hoe die proses verloop.

DIE BESKIKBAARHEID VAN koringkultivars wat agronomies goed presteer en terselfdertyd aan kwaliteitsvereistes voldoen, is twee faktore wat die volhoubaarheid van die koringbedryf in Suid-Afrika bepaal. Die graanbedryf se vereistes sluit kwaliteite ten opsigte van vermalings, reologiese (deeg) en bakeskappe in.

Die toepassing van absolute kwaliteitswaardes vir die vrystelling van nuwe koringteelyne is onprakties omdat reënval, klimaat, omgewingsinteraksies en bewerkingspraktyke alles 'n effek op graankwaliteit het.

Wanneer nuwe teelyne geëvalueer word, word kommersiële kultivars gevolglik as biologiese kwaliteitstandaard en verwysingsraamwerk gebruik. Drie kultivars word as kwaliteitstandaard in die verskillende produksiegebiede gebruik. Dit is Elands in die Noordelike Droëlandproduksiegebiede, SST 027 in die Suidelike Droëlandproduksiegebiede en SST 806 in die Besproeiingsgebiede.

Vir SST 027 word 'n proses gevolg om dit te vervang. Twee jaar se kwaliteitsresultate van potensiële nuwe standaarde is reeds beskikbaar. Sodra die 2020/21-seisoen se resultate beskikbaar is, kan 'n besluit oor SST 027 tydens die Koringforum se vergadering van die Kultivar- en Tegniese Komitee gefinaliseer word. Dié vergadering word vir April 2021 beplan.

Die evaluering van 'n kultivar as kwaliteitstandaard word in ontledingsprosedure bepaal en duur verskeie seisoene. Koringlyne wat vir die besproeiingsgebiede bestem is, se

evaluering duur minstens twee jaar en lyne vir die noordelike (somerreën) en suidelike (winterreën) droëlandgebiede duur minstens drie jaar.

Vóór hierdie evaluering doen saadtelaers vroeë generasie seleksies wat 'n aantal seisoene duur.

Vir die voorlopige vrystelling van 'n besproeiingsteelyne moet 'n jaar se kwaliteitsdata oor minstens vyf lokaliteite aan die Koringforum se Kultivar- en Tegniese Komitee voorgelê word. Vir die finale vrystelling word 'n minimum van twee jaar se data oor vyf lokaliteite per jaar vereis. Vir droëlandlyne in die Noordelike en Suidelike produksiegebiede word 'n minimum van onderskeidelik twee en drie jaar oor vyf lokaliteite vereis.

Ontledings in die laboratorium

Die kwaliteitsontleidings word deur die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium NPC (SAGL) gedoen. 'n Projekaansoek vir die befondsing van die maal- en bakkwaliteit se ontledings word jaarliks by die Wintergraantrust ingedien.

Die kwaliteitseienskappe wat geëvalueer word, wissel van koringeenskappe soos hektolitermassa, valgetal, meeekstraksie en proteïeninhoud tot meeieenskappe, soos kleur, mixogram-piektyd, farinogram-waterabsorpsie, alveogramsterkte en alveogram P/L-waarde.

Vir evalueringdoeleindes word die kwaliteitsnorme verdeel in primêre (P) en sekondêre (S) norme. Die primêre norme

Tabel 1: Toelaatbare afwykings (toleransies) van die biologiese standaard vir broodkoringteelyne.

| TOETS | KATEGORIE | TOLERANSIE | TOETS | KATEGORIE | TOLERANSIE |
|-------------------------|-----------|-----------------|---------------------------------|-----------|----------------------|
| Hektolitermassa (skoon) | P | -1,8 kg/hl | FARINOGRAM | | |
| 1 000 korrelmassa, g | S | ±4 g | Absorpsie, % | P | ±2,5% |
| Valgetal, sek. *1 | P | -15% | Ontwikkelingstyd, min. | S | ±25% |
| Ekstraksie, % | P | -1,5% | Stabiliteit, min. | S | +10% tot -30% |
| Breekmeelblom, % | S | ±5% | ALVEOGRAM | | |
| Proteïen (12% vb), % | P | -1% | Sterkte, cm ² | P | ±20% |
| Kleur (KJ 76) *2 | P | +1,0 KJ eenheid | Stabiliteit (P), mm | S | ±20% |
| MIXOGRAM | | | Rekbaarheid (L), mm | S | +20% tot -10% |
| Piektyd, min. | P | | P/L waarde | P | ±25% |
| Elands | | +15% tot -25% | 100g BAKTOETS | | |
| SST 806 | | +35% tot -10% | Broodvolume, cm ³ *3 | P | -10% |
| SST 027 | | +35% tot -10% | Deegeenskappe | P | Geen (slegs normaal) |

Verduidelikende notas:

*1 Valgetalwaardes moet 250 sekondes oorskry en mag nie meer as 15% laer wees as dié van die kwaliteitstandaard nie.

*2 Kleur word aangesuiwer na 76% ekstraksie op die basis van 0,4 KJ eenhede per 1% ekstraksie. Bv: By 'n lyn met 'n ekstraksie van 77% sal 0,4 KJ van die lyn se kleurwaarde afgetrek word. Sou die lyn se ekstraksie 75% wees, sal 0,4 KJ by die lyn se kleurwaarde getel word.

*3 Broodvolume word teen die lyn se proteïenvlak geëvalueer. Vir die aanpassing van die broodvolume van die lyn na dié van die standaard, word 40 cm³ per 1% proteïenverskil gebruik. Bv: Sou 'n lyn se proteïeninhoud 11,0% en die standaard se proteïeninhoud 12,0% wees, sal 40 cm³ by die lyn se broodvolume getel word. Indien die lyn se proteïeninhoud hoër is as dié van die standaard, sal 40 cm³ vir elke persent proteïenverskil van die lyn se broodvolume afgetrek word.

Tabel 2: Toelaatbare afwykings (toleransies) van die biologiese standaard vir broodkoringteelnyne met hoë opbrengs.

| TOETS | KATEGORIE | TOLERANSIE | TOETS | KATEGORIE | TOLERANSIE |
|-------------------------|-----------|-----------------|---------------------------------|-----------|---------------------------------|
| Opbrengs, t/ha | P | +5% | FARINOGRAM | | |
| Hektolitermassa (skoon) | P | -2,0 kh/hl | Absorpsie, % | P | ±3,0% |
| 1 000 korrelmassa, g | S | ±4g | Ontwikkelingstyd, min | S | ±25% |
| Valgetal, sek. *1 | P | -15% | Stabiliteit, min. | S | +10% tot -30% |
| Ekstraksie, % | P | -2,0% | ALVEOGRAM | | |
| Breekmeelblom, % | S | ±5% | Sterkte, cm ² | P | ±20% |
| Proteïen (12% vb), % | P | -2,5% | Stabiliteit (P), mm | S | ±20% |
| Kleur (KJ 76) *2 | P | +1,5 KJ eenhede | Rekbaarheid (L), mm | S | ±20% |
| MIXOGRAM | | | P/L waarde | P | +40% tot -25% (Suidelike areas) |
| Piektyd, min. | P | | | P | +30% tot -25% (Ander areas) |
| Elands | | +15% tot -25% | 100g BAKTOETS | | |
| SST 806 | | +35% tot -10% | Broodvolume, cm ³ *3 | P | -20% |
| SST 027 | | +50% tot -5% | Deegeienskappe | P | Geen (slegs normaal) |

Verwys na verduidelikende notas by Tabel 1

is ononderhandelbaar terwyl daar in grensgevallen na die sekondêre norme verwys kan word. Toelaatbare afwykings vir die kwaliteitsnorme van die biologiese standaard word in **Tabel 1** aangetoon.

Proteïeninhoud word hoofsaaklik as maatstaf gebruik om koringkwaliteit te bepaal omdat daar feitlik deurlopend 'n linêre verband tussen proteïeninhoud en bakkwaliteit voorkom. Terselfdertyd bestaan daar 'n negatiewe verband tussen opbrengs en proteïeninhoud. Hierdie negatiewe verband is 'n bepalende faktor wanneer dit by saadteling kom en voorkeur moes dikwels gegee word aan maal- en bakkwaliteit. Komplekse genetiese interaksies kompliseer die genetiese seleksie vir 'n spesifieke eienskap verder.

Tydens 'n spesiale vergadering van die Tegniese Navorsingskomitee van die Wintergraantrust gedurende Januarie 2016 is besluit dat die toelaatbare afwykings verslap kan word om die weg te baan vir die vrystelling van lyne met hoë opbrengs. Hierdie toegewing is egter slegs van krag indien die lyn onder bespreking ten minste 5% hoër opbrengs lewer as kommersiële kultivars wat tans in daardie gebied verbou word. In **Tabel 2** word die toelaatbare afwykings van die biologiese standaard vir teelnyne met hoë opbrengs uiteengesit.

Tot dusver was die evaluerings- en vrystellingstelsel van nuwe kultivars in Suid-Afrika baie geslaagd. Dit kan afgelei word uit die kwaliteit van nuwe kultivars wat die afgelope jare in die mark vrygestel en deur produsente geplant is. In die afgelope drie jaar is elf lyne vir die Besproeiingsgebiede vrygestel, drie lyne vir die Suidelike Droëlandproduksiegebiede en sewe lyne vir die Noordelike Droëlandproduksiegebiede (**Tabel 3**).

Tydens die Kultivar- en Tegniese Komitee se vergadering in Mei 2020 is vyf lyne voorwaardelik vir finale vrystelling goedgekeur. Die elektroforetiese suiwerheid van die lyne kon nog nie bevestig word nie, vanweë 'n oponthoud in laboratoriumontledings by die Universiteit van die Vrystaat as gevolg van die Covid-19 pandemie. Geen probleme met die uiteinde-like resultaat word egter voorsien nie en dit behoort slegs 'n formaliteit te wees.

Die dokument waarin die ontledingsprosedure en evaluasienorme vir die vrystelling van broodkoringteelnyne in Suid-Afrika beskryf word, is beskikbaar op die SAGL se webwerf by www.sagl.co.za/wheat/industry-information. Die Koringforum se Kultivarlys is ook hier beskikbaar. Beide dié dokumente word jaarliks hersien. ♣

Tabel 3. Broodkoringkultivars gedurende die afgelope drie jaar vrygestel.

| Noordelike Droëlandproduksiegebied | | | Suidelike Winterreënproduksiegebied | | | Besproeiingsgebiede | | |
|------------------------------------|-------------------------------------|------------------------|-------------------------------------|----------|------------------------|--|---|--------------------------------------|
| Kultivar | Lynnaam | Jaar van goedkeuring | Kultivar | Lynnaam | Jaar van goedkeuring | Kultivar | Lynnaam | Jaar van goedkeuring |
| SST 3207 | WPT16-06 | 2020 Voorwaardelik* | SST 0208 | KPT15-25 | 2020 Voorwaardelik* | Umgeni | BSP18/04 | 2020 Voorwaardelik* |
| | | | | | | Selons | BSP16/02 | 2020 Voorwaardelik* |
| | | | | | | SST 8205 | BPT18-04 | 2020 Voorwaardelik* |
| PAN 3282 PAN 3380 SST 3197 | PAN2016-4 PAN2016-16 WPT16-13 | 2019 2019 2019 | Tredou | W16/01 | 2019 | PAN 3681 PAN 3582 PAN 3583 PAN 3584 SST 8196 | 2016PANLE12 2017PANLE4 2017PANLE25 2017PANLE26 B-BPT16-21 | 2019 2019 2019 2019 2019 |
| Mokolo PAN 3373 SST 3186 | T08/21 PAN2015-23 WPT15-03 | 2018 2018 2018 | SST 0187 | KPT15-28 | 2018 | Usutu PAN 3676 PAN 3474 | BSP15/02 2015PANLE35 2015PANLE45 | 2018 2018 2018 |

*Lyne is voorwaardelik goedgekeur vir finale vrystelling as broodkoringkultivars in die gebiede soos aangedui, gebaseer op die aanvaarding van die elektroforese resultate wanneer beskikbaar.



Normale tot goeie reën in somergebiede verwag

Johan van den Berg

ONAFHANKLIKE LANDBOUWEERKUNDIGE

- **Landboutoestande het in die laaste maande oor die algemeen verbeter, maar droogtetoestande het steeds 'n ernstige greep op veral dele van die Oos- en Noord-Kaap en die Wes-Kaap se binneland.**
 - **In September is droër toestande vir die winterreëng gebied verwag.**
- **Beide die El Niño Suidelike Oosiliasie (ENSO) en Indiese Oseaan Dipool (IOD) gaan moontlik gunstige reëntoestande veroorsaak in die somer van 2020/21, veral oor die sentrale tot westelike dele.**

SOMERREËNGEBIED

Medium- tot langtermynvoorspellings dui 'n "normale" aanvang van die reënseisoen, wat beteken dat die reën in die laaste deel van September oor die oostelike dele van die land kan begin. Dit is van toepassing op KwaZulu-Natal, Mpumalanga, die suidoostelike dele van Limpopo, Oos-Vrystaat en noordoostelike dele van die Oos-Kaap en dit kan later in die somer weswaarts uitbrei. Voldoende reën om die droogte in die Oos-Kaap te breek word nie voor vroeë tot middelsomer verwag nie.

Indien 'n vinnige verandering na La Niña in die volgende weke plaasvind, kan dit egter die waarskynlikhede vir vroeër reën oor die sentrale tot oostelike dele verhoog. Met 'n La Niña-verskynsel van September af teenwoordig kan dit die kans vir midsomerreën baie verhoog.

Met die bykomende effek van 'n neutrale tot negatiewe fase van die Indiese Oseaan Dipool kan dit die reeds goeie kans vir reën as gevolg van La Niña versterk en dit kan bogemiddelde reënneerslae en selfs vloede tot gevolg hê.

Winterreëng gebied

Na die goeie reënneerslae sedert die einde van Mei is 'n droër

periode ervaar. Voorspellings sedert die middel van Julie het ook nie soos verwag gerealiseer nie.

September is soos gewoonlik baie belangrik vir wintergraanproduksie maar voorspellings was minder positief vir goeie reënneerslae. Dit is egter moontlik dat die reënpatroon meer na die somerreëng gebied gaan begin skuif, wat die Suid- en Oos-Kaap kan bevoordeel.

Algemene toestande

Reëntoestande was oor die algemeen beter as wat verwag is vir die suidwestelike en westelike dele van die Wes-Kaap en die suidwestelike dele van die Noord-Kaap. Bogemiddelde neerslae het in streke soos by Springbok, Garies en Nieuwoudtville in die Noord-Kaap voorgekom en by Clanwilliam, Ceres, Paarl, Stellenbosch en Kaapstad in die Wes-Kaap.

Goeie neerslae is ook meer na die binneland in die droogtegeteisterde gebiede soos Calvinia en Sutherland gemeet.

Hoewel goeie neerslae voorgekom het in die droogtegeteisterde Weskusgebiede en aangrensende binneland van die Wes- en Noord-Kaap, is dit steeds onvoldoende om die effek van die droogte, wat reeds byna die afgelope dekade geheers

het, om te keer. Opvolgreën, warmer temperature en tyd is nodig vir weiding en waterbronne om te herstel.

Baie goeie neerslae het in die Swartlandgebied voorgekom, wat goeie wintergraanproduksietoestande meegebring het. Daar het ook reën in die Oos-Kaap voorgekom, maar dit was nie voldoende om die droogtetoestande om te keer nie en die droogte verdiep steeds.

Reën in Junie in dele van die somergraanproduksiegebiede, soos in Noordwes asook aangrensende dele van die Vrystaat, het die stroopproses van mielies vertraag. Bogemiddelde opbrengste word behaal in groot dele van die westelike produksiegebiede.

Baie lae temperature het meestal in Junie en Julie voorgekom. Die 2020 se winter was een van die koudste seisoene in ten minste die afgelope 20 jaar. 'n Bogemiddelde aantal dae met ryp het voorgekom en slegs in 2007 het meer dae met ryp voorgekom tot die einde van Julie.

Niño en seetemperature

See-oppervlaktemperature se afwyking vanaf die gemiddeld (anomalie) in die belangrike Niño3.4-gebied het gedaal van +0,8°C in Mei 2020 tot -0,4°C en dit is 'n betekenisvolle skuif nader aan La Niña-toestande.

Daar was 'n kans van ongeveer 55% vir La Niña-toestande, 'n kans van 40% vir neutrale toestande en minder as 5% kans vir El Niño vir die midsomer.

Die Suidelike Oosiliasie-indeks (SOI), wat die maatstaf is van die koppeling tussen oppervlaktoestande in die Niño-gebiede en oorliggende klimaatstelsels, reageer nou vir die eerste keer in byna 12 maande in die regte rigting in reaksie op die koeler oppervlaktemperature.

Namibië

Baie min reën word vir die grootste deel van die land tot ten minste Oktober verwag. Reëntoestande sal heelwaarskynlik van ongeveer November af baie verbeter om 'n piek te bereik in Januarie tot Maart 2021, as gevolg van die positiewe uitwerking van La Niña en die Indiese Oseaan. Bogemiddelde neerslae word vir bykans die hele land vir die 2020/21-somerseisoen verwag.

Navrae E-pos: wjvandenbergh1959@gmail.com selfoon: 082 374 4692.

Vrywaring

Die outeur, Santam of enige ander party wat in die artikel genoem of aangehaal word, waarborg geensins die akkuraatheid, volledigheid of betroubaarheid van hierdie inligting nie. Enige aksies of besluite wat op grond van hierdie inligting geneem word, word op eie risiko geneem. Die outeur, Santam of enige ander genoemde party in die artikel is nie verantwoordelik vir enige verliese of skade in verband met die gebruik van hierdie inligting nie. 🐾



DIE ENIGSTE DING WAT ONS BETER AS BOERDERY VERSTAAN IS HOE OM DIT TE VERSEKER.

Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons **regte, egte versekering**.

Gaan na www.santam.co.za/products/agriculture of bel jou makelaar vir meer inligting.



Super koring vir super gesondheid

Jan Greyling
MEDEWERKER

DIE TRADISIONELE AROMA van varsgemaalde koring en die smaaklike brood warm uit die oond is soos die volkslied en die landsvlag – 'n hoofbestanddeel van gesinsamehorigheid in sonnige Suid-Afrika. Dit is die geur van varsgebakke, regtege koringbrood, beskuit en koekies uit die oond wat die neusvlakke laat darteldans wanneer jy die deur na Eureka Mills se koringmeule oopswaai.

Dit is nie net Eureka Mills se bros karringmelk ontbytbeskuit wat die streek se naam gestand doen nie. Hier by Karringmelksrivier word sedert 1998 reeds gebou aan die droom van die visionêre plaaslike koringprodusente, Lafras en Piet Uys. Reis jy met die N2 langs tussen George en Kaapstad sal jy Eureka Mills sowat 20 km wes van Heidelberg in die Hessequa-distrik kry.

Nico Steyn, hoofbestuurder van Eureka Mills, en sy span se boustene vir die verfyning van die hedendaagse baanbreker steenmaalproses is integriteit, doeltreffendheid, innoverende denke, trots op hul werk en produkte en, as die kersie op die koek, 'n werks- en handelsmerkkultuur.

Vandag is die meule die brood en botter van sowat 50 werknemers en hul gesinne. Hier word netjies en met passie met kos gewerk. Deur toewyding aan koring word die moderne, leefstylgedrewe visie van boere, bakkers en verbruikers 'n werklikheid.

Die sleutel tot landelike geure wat Eureka Mills omring is waardetoevoeging tot die natuur se geskenk aan die mens. Ononderhandelbare gehalte en 'n gesondheidsfokus laat een van die land se kleinste koringmeulens behoorlik spiere bult.

Wat maak Eureka Mills se koringmeelprodukte uniek en doelgemaak vir 'n gesonde leefstyl?

“Die uitsluitlike gebruik van plaaslik geproduseerde, GMO-vrye, onversnitte supergraadkoring met die hoogste



In die maalsaal van Eureka Mills se nismark-steenmeule werk **Franshina Fischer, Helga Hartnick, Nico Steyn (hoofbestuurder), Johnlan Williams, Waldo Hector, Madelein Esau, Mercia Frans, Jemile Fredericks en Cindy-Lee Manho.** Foto: Jan Greyling.

Naby Heidelberg in die Wes-Kaap se Hessequa-distrik word die visie van boere, bakkers en verbruikers 'n werklikheid by een van die kleinste koringmeulens in die land. Hier word die beste plaaslike koring tradisioneel verwerk in meel en bakprodukte vir die vestiging en uitbouing van 'n blywende brood- en meel-kultuur.



Eureka Mills se bakkerij is trots op hul produkte en personeel. Hier is Volentè Michaels, Rozanne Kleynhans, Thomas Christi Alberts, Gurshlian Hendricks, Magdeleen Jacobs, Caroline Laws, Lizanne Pretorius en Deveraux Hartnick. Foto: Jan Greyling.

proteïeninhoud en die hoogste hektolitermassa. Steenge-maalde meel is 'n tydsame proses,” sê Nico.

“Anders as grootmaatmeulens maal ons die koringkiem fyn en plaas dit terug in die meel om die voedsame, natuurlike vitamieë, ensieme, olies en minerale te behou. Dit verseker dat die heilsaamheid van die natuur in elke pakkie Eureka Mills meel en in ons gereed-vir-gebruik bakprodukte geniet kan word.

“Ons besef ons is pioniers in 'n groot en mededingende mark. Ons maak staat op omliggende koringprodusente om volhoubaar hoë gehalte koring, volgens die vereiste plaaslike produksiestandaarde, te lewer. Hulle is die noodsaaklike boustene van ons besigheid,” sê Nico.

Eureka Mills strew na die vestiging en uitbouing van 'n blywende brood- en meel-kultuur vir Suid-Afrika. Stap jy die meule binne is die passie vir die produk en gehalte tasbaar met 'n fyn fokus op die teikenmark, vleklose huishouding, doelgerigte samewerking, 'n trotse handelsmerk en hul uitgebreide produkreeks.

Aanvanklik het die meule se produkte uit witbroodmeel, koekmeelblom en bruinbroodmeel bestaan. Mettertyd is dit uitgebrei na volkoringmeel – die maatskappy se vlagskip – rogmeel en verskeie bakmengsels vir afsetpunte in die kleinhandel. Vandag spog Eureka Mills, onder die vaandel van

Sentraal-Suid Koöperasie (SSK), met 'n unieke meelreeks, die gewilde *Easy Home Mix*-geriefsreeks, en 'n gereed-om-te-eet reeks vir gebak, alles vir 'n omgewingsvriendelike gesondheidsmerk.

SSK was deurentyd 'n belangrike vennoot en van die lede se heel beste koring word reeds meer as twee dekades lank gebruik. In 2016 het SSK 'n belang in Eureka Mills gekoop. Sedertdien word die onderneming doelgerig uitgebou.

Nico sê Eureka Mills maak 'n punt daarvan om elke koringprodusent wat teen 'n geringe premie aan hulle lewer, persoonlik te ken.

“Ons is bevoorreg om te weet watter minimum- en geenbewerkingspraktyke en produksiebeginsels, in harmonie met die omgewing, gevolg word. Saam met die verskaffers van ons grondstowwe is ons passievol en trots op elkeen in die ketting se werk. Vir Eureka Mills is dit belangrik om die kollig op ons produsente se unieke moeite en werk te laat val.”

In 2005 is besluit om meer op die eindverbruiker van meel en koringprodukte te fokus. Sedertdien het die handelsmerk met die simboliese meulenaar agter die meulsteen toenemend op die bakplate en spesialisproduktkrakke van kleinhandelaars, voedseldiensmaatskappye en vakmanskap-bakkerie beland.

Die waarde van die twee gesogte “G’s” in gesondheid en gerief het begin inslag vind. “Ons het besef dat talle verbruikers graag die gehalte van ons meelprodukte wil geniet, maar vir hulle is bak net te intimerend en tydsaam. Om daardie verbruikers ook in Eureka Mills se familie te verwelkom en te behou is ons uitgebreide geriefsreeks gebore.”

Stap gerus gou saam deur die meule: In die maalsaal word eksklusief supergraad koring gemaal – tydsaam met reuse maalklippe tot die wonder van brood- en koekmeel in die natuurlike, ongebleikte kleur van ryp koring. Die resultaat is netjiese, omgewingsvriendelike papiersakverpakings: Witbroodmeel, Koekmeelblom, Bruinbroodmeel, Volkoringmeel (Whole Meal Flour) en Pure Rye, almal beskikbaar in 500 g, 1 kg, 2,5 kg, 12,5 kg en 50 kg.

Die *Easy Home Mix*-geriefsreeks word afsonderlik gemeng en verpak, volgens beproefde resepte vir liplekkere gunsteling in 'n kits. Vir maklike bak word slegs die semel uitgesif terwyl alle ander natuurlike eienskappe van die koring behoue bly.

Roosterkoek, Potbrood Vetkoek, Foccacia en gewilde Piza-basis word in mengsels van 1 kg verpak. Eureka Mills se meel- en bestanddeel-mengsels vir Broodpoeding, Paasbolletjies (Hot Cross Buns) en Sauskluitjies (Saucy Dumplings) word in 'n verpakking van 500 g aangebied.



Aanvullend tot hul vlagskip Volkoring-meel word Wit- en Bruinbroodmeel, Koekmeelblom en Pure Rye Meel in die maalsaal vervaardig. Foto: Jan Greyling.



Steengemaalde koekmeelblom word gebruik om Eureka Mills se beskuitreeks, Choc-chip-, Coconut en hierdie brosbrown gemerkoekies op die foto markgereed te kry. Foto: Jan Greyling.



Die natuurlike gesondheidswaarde van Eureka Mills se steengemaalde GMO-vrye meel word selfs in die roomkleur van die eindprodukt duidelik. Foto: Jan Greyling.

Maar wag, dit raak nog makliker: As die koper nie self kan maal of die tyd en aktiwiteit van bak en brou kan inpas nie, bied die tradisionele tuisgebak uit Eureka Mills se fabrieksbakkerie die antwoord. In gewilde eenhede van 500 g word smaaklike, brosbeskuit in Karringmelk, Muesli, Semel en Rog-opsies gebak. Vir die soettand is die aantreklike 300 g Gemmer-, Choc-chip- of Coconut-koekies 'n lekker-om-te-hê in elke kombuis of kantoor.

Eureka Mills is betrokke by broodbakkerie in verskeie gemeenskappe. “So ondersteun ons die ontwikkeling van 'n brood en meel-kultuur eie aan Suid-Afrika. Ons grootste geleentheid vorentoe is die doelgerigte versterking van Eureka Mills se handelsmerk en verskerpte verbruikersopvoeding. Só maak ons die kuns- en gesondheidswaarde van steengemaalde koring 'n nuwe leefstyl onder tuisbakkers – jonk en oud, mans en vroue – en vir vakman-bakkerie en geriefsleefstylgesinne, wat vra na gesondheidswaarde.”

Eureka Mills se natuurlike koringprodukte is duidelik 'n aanwinst vir die bedryf en vir liefhebbers van natuurlike gesondheid. ♡

Research for cheaper and more eco-friendly pest control products

Entomopathogenic nematode bacterial metabolites for biological control of Fusarium head blight and wheat aphids

Dr Tshima Ramakuwela

ARC-SMALL GRAIN, BETHLEHEM

WHEAT IS THE MOST widely farmed crop in the world and 20% from the total calories humans consume come from wheat and gives more protein, when compared to other food sources (Appels *et al.*, 2018). To cater for the needs of the growing human population, there is a demand for wheat research to increase and protect wheat yield and quality traits.

Fungal diseases such as Fusarium head blight and a complex of wheat aphids are significant biotic stressors, negatively affecting wheat production and quality. The use of chemicals and genetically resistant cultivars is continuously challenged by the development of resistance, while harsh pesticides pose environmental and human/animal health risks.

Entomopathogenic nematodes (EPN)

are insect parasitic round worms that occur naturally in soil. They are explored globally for control of agricultural insect pests on their own or by incorporating them into integrated pest management programmes to supplement other strategies. However, research on EPNs is still in its infancy in South Africa, with no commercial product developed locally, to date.

The principle of insect control using EPN involve a symbiotic relationship between the EPN and specialised bacteria of the genus *Photorhabdus* and *Xenorhabdus*. The nematode carries a symbiotic bacterium in the gut. Neither the nematode nor the bacteria can exist self-sufficiently.

For infection, the nematode carries the bacteria into the host, where the symbiotic bacterium is released and



Dr Tshima Ramakuwela.

responsible for killing the host insect. The bacteria then multiply and produce metabolites which prevent scavengers and contaminants from eating/spoiling the cadaver, while serving as food source for the EPN. The bacteria produce a range of metabolites with antimicrobial/pesticidal properties, generating interest from pharmaceutical and agricultural industries, internationally (Bode, 2009).

Our research objective is to study the potential of these secondary metabolites for control of Fusarium head blight and wheat aphids.

The Agricultural Research Council-Small Grain (ARC-SG) curates the largest and most diverse collection of EPNs (Hattang *et al.*, 2009), with a number of new indigenous species.



A - Entomopathogenic nematodes. Photo: CSIRO Entomology.



B - Infective juvenile stage of the entomopathogenic nematode showing a bacterial sac with symbiotic bacteria (Photo: <http://entnemdept.ufl.edu/nguyen/morph/biology/symbac.htm>).

Selected strains from this collection are being tested for efficacy against Fusarium head blight and five Russian wheat aphid (RWA) biotypes, including the most virulent RWASA5. To date, ARC-SG has successfully isolated and cultured symbiotic bacteria from these nematodes for efficacy testing in bio-

assays and glasshouse/field trials. This research will serve as baseline towards the development of cheaper and more eco-friendly pest control products, based on metabolites derived from indigenous EPNs.

Development of indigenous biocontrol agents is driven by restrictions and regulations regarding the introduction of exotic species under the National Environmental Management: Biodiversity Act 2004 (Act no. 10 of 2004). Other than that, EPN offer a number of advantages over chemical pesticides relating to their safety to humans, animals and the environment.

While current research at ARC-SG is targeting Fusarium head blight and RWA, future research will extend the application of this new technology for control of other wheat pathogens and pests.

For more information, contact Dr Tshima Ramakuwela on 058 307 3400 or ramakuwelat@arc.agric.za.

References

- Appels, R., Eversole, K., Stein, N., Feuillet, C. and Keller, B. 2018. Shifting the limits in wheat research and breeding using a fully annotated reference genome. *The International Wheat Genome Sequencing Consortium (IWGSC)*, 361, 6403:719.
- Bode, H.B. 2009. Entomopathogenic bacteria as a source of secondary metabolites. *Current Opinion in Chemical Biology* 13: 1-7.
- Hatting, J., Stock, S.P. and Hazir, S. 2009. Diversity and distribution of entomopathogenic nematodes (Steinerematidae, Heterorhabditidae) in South Africa. *Journal of Invertebrate Pathology* 102: 120-8. ♡



Local farmer programme generates full harvest

TIGER BRANDS IS investing in local, broad-based suppliers to ramp-up local food manufacturing capability, reduce the country's reliance on imported goods and provide new commercial opportunities in the agricultural sector. According to a statement by the company, its most recent investment in Taung, in the North West province, has proven very successful.

The company has been engaging with black smallholder farmers in Taung to grow and supply wheat for various brands in its food manufacturing business. This not only supports local food suppliers across the enterprise and supplier development (ESD) chain, it is part of Tiger Brands' import replacement programme, which aims reduce import reliance to meet local demand.

With the blessing of the local chief, 48 farmers in Taung (eight of which are women) pooled their allocated smallholdings together to make 450 hectares of arable tribal land available for wheat crops. The area has irrigation systems in place

and access to water and energy. Although this was their first wheat harvest, the Taung farmers showed discipline and commitment throughout the process, resulting in a 100% crop yield that delivered about 2 500 tons of wheat at the end of 2019.

"Instead of accepting a capital repayment, Tiger Brands has reinvested the funds back into the Taung farming collective for the provision of small white beans and groundnuts. The wheat harvest runs from June until December, leaving farmers with a time gap between January and June," said Litha Kutta, Director of ESD at Tiger Brands.

"Because of this remarkable success, we've now commissioned our new partners to supply ingredients for our Koo Beans and peanut butter products and enable a fully annualised agricultural calendar. During July the small white beans and groundnuts were harvested and supplied to Tiger Brand's supply chain. ♡



Natuurlike stimulant help koring se opbrengspotensiaal realiseer

PLAASLIKE KORINGPRODUSENTE STOEI om koring winsgewend te verbou en boonop is hulle in direkte mededinging met ingevoerde koring. Om koring se winsgewendheid per eenheidsoppervlakte te verhoog, moet produsente voortdurend maniere beproef om hulle opbrengs en winsgewendheid te verbeter.

Kultivarkeuse word grootliks bepaal deur aanpasbaarheid by die omgewing, strooisterkte, staanvermoë en opbrengspotensiaal. Die vermoë van die saad om te ontkiem, wortels te vorm en in sterk saailinge te ontwikkel, is ook van kardinale belang.

Mikro-elemente speel 'n onontbeerlike rol in die fisiologie van die plant, sê Salo Minnaar, kommersiële direkteur van Afrikelp. Tekorte kan tot onder-ontwikkeling en wanfunksionering lei wat opbrengsverliese kan meebring. Goeie kunsmistoediening en 'n weldeurdagte voedingsprogram speel 'n belangrike rol in goeie opkoms, saailingontwikkeling en groei, mits die plantjie dit kan opneem.

“Die gebruik van natuurlike groeistimulante is reeds jare lank in die vrugte- en groentebedryf bekend, maar onlangse proewe het getoon dat graanprodusente dieselfde voordeel kan benut.”

Plantbiostimulante word volgens Minnaar ingespan om die algehele gesondheid van 'n gewas te verbeter, verdraagsaamheid teen stremming op te bou, verskillende stadiums van plantegroei te ondersteun en te stimuleer. Die toediening van biostimulante dra daartoe by dat gewasse mikro- en makrovoedingstowwe beter kan opneem, wat weer help dat die plante stremmingstoestande beter kan trotseer.

Afrikelp™ vervaardig en voorsien 'n natuurlike biostimulant, Afrikelp™ LG-1, wat die natuurlike biostimulant of plant-groeihormoon ouksien bevat en wat nuutgevestigde plante help om die beskikbare vog en voedingstowwe doeltreffender te benut.

Wanneer hierdie biostimulant op blare gespuit word, word dit deur die selwand opgeneem en na die wortels vervoer, waar dit die groei van bestaande en nuwe haarwortels stimuleer. Hoe meer haarwortels aan 'n plant is, hoe meer water en voedingstowwe kan dit opneem.

Wanneer die biostimulant in die wortelgebied in die grond toegedien word, verbeter wortelontwikkeling en laterale wortelgroei. Meer voedingstowwe uit die plant se nabye omgewing kan gevolglik benut word. Nog 'n voordeel is verbeterde wateropname. Plante met goeie wortelontwikkeling kan dus stremmingstoestande, soos droogte en wind, beter hanteer.

Afrikelp™ LG-1 kan met die meeste produkte gemeng word en gevolglik in bestaande spuitprogramme ingesluit en in enige groeistadium toegedien word. Dit bied letterlik 'n oseaan van voordele, soos die volgende:

- goeie saadontkieming;
- korrekte en optimum plantpopulasies;
- sterk saailinge;
- verbeterde wortelontwikkeling en laterale wortelgroei;
- verbeterde opname van voedingstowwe en water;
- beter hantering van stremmingstoestande;
- sterker plante;



'n Ekstrak uit seawier verskaf biologiese stimulant tot voordeel van plante in landbougewasse. Foto: Sasa loggin - Freeimages.

- goeie wortelstelsels voorkom omval;
- groener blare;
- beter opbrengs; en
- groter winsgewendheid.

Die produk kan 'n groot rol speel om koringopbrengs te verhoog, asook om die kwaliteit van die koring te verbeter. In proewe op koringsaailinge is opgemerk dat die saailinge wat met Afrikelp™ LG-1 behandel is, se wortels in die proeftypperk bykans dubbel in lengte gegroei het. Die saailinge in die kontrole se wortels was 12 cm en die behandelde saailinge het gegroei tot 23 cm.

Minnaar sê hulle beveel aan dat een toediening gemaak word in die plantvoor tydens plant teen 'n 1-2% oplossing om die groeikragtigheid van die saailing te bevorder. 'n Opvolgbespuiting teen 'n 1-3% oplossing kan gedoen word op die 3- tot 5-blaarstadium. Om vegetatiewe blaargroei te stimuleer, kan 1 tot 3 opvolgbespuitings teen 'n 3% oplossing met tussenposes van 14 dae gedoen word.

Dit bly egter belangrik dat omgewingsfaktore soos klimaat, grond en temperatuur, asook die voedingsprogram en genetica, in ag geneem word wanneer die spuitprogram opgestel word. Afrikelp beveel aan dat benattingsmiddels by die spuitoplossing gevoeg word om opname te bevorder. Die pH van die finale oplossing moet minder as 7 wees.

“Daar is geen goue oplossing vir graanverbouing nie, maar produsente behoort die hulpmiddels tot hulle beskikking te gebruik om plantstremming te verminder en opbrengs te verhoog. Afrikelp™ LG-1 kan help om elke saadpit, druppel water en korrel of druppel kunsmis in graan om te sit,” sê Minnaar.

Navra: 021 551 3556; e-pos: info@afrikelp.com; Facebook: www.facebook.com/Afrikelp

Registrasiebesonderhede: Afrikelp™ LG-1 (reg.nr. L8274, Wet 36 van 1947). ♣

'N OSEAAN VAN VOORDELE

AFRIKELP™ BIOSTIMULANTE
bevorder groei, kwaliteit en opbrengs.

Waar land en water ontmoet ... daar lê 'n oseaan van voordele.

Afrikelp het met die natuur kragte saamgespan om vir jou 'n natuurlike oplossing vir verbeterde landbouprestasie te bring. Ons vloeibare seewierekstrak is wetenskaplik ontwikkel om noodsaaklike komponente te behou wat opbrengs en gewaskwaliteit verbeter en weerstand bied teen omgewingstresfaktore. Bou 'n vennootskap met 'n maatskappy wat die voordele van die oseaan benut tot die voordeel van jou boerdery.

Bou 'n vennootskap met Afrikelp.



Mengbaarheid: Afrikelp is mengbaar met 'n wye verskeidenheid ander landbouprodukte.



Grond: Verbeter die groeikragtigheid van saailinge deur middel van direkte toediening in die wortelsone.



Volhoubaarheid: Ons vloeibare seewierekstrakte word geproduseer van seegras wat op 'n volhoubare wyse geoes word.



Groei: Afrikelp se unieke samestelling van natuurlike biostimulante, hoofsaaklik oksien, stimuleer die groei van wortels, spruite en vrugte.



Plant: Kan direk op plante toegedien word deur middel van blaarsproei.



Dinamies: Verbeter die dinamiese biochemiese prosesse in die plant vir optimale plantseleontwikkeling.



Kelp: Die unieke Suid-Afrikaanse kelp, *Ecklonia maxima*, verbeter groei-eenvormigheid en bevorder gewasproduksie.

Het jy al die krag van die natuur aangewend?

Gesels met ons vir meer inligting.

+27 21 551 3556

www.afrikelp.com



Elim is 'n eksklusiewe verspreider van **Afrikelp**-produkte. Kontak jou naaste verkoopsvertegenwoordiger by **012 252 4455**



Stikstof strem inkomste uit groter garsoes

Jan Greyling
MEDEWERKER

DIE GARSOES VAN 2019 het ondanks toenemende klimaatsuitdagings aansienlike moutgars-voordele vir produsente en verwerkers ingehou. Klimaatsfaktore het veral die korrelstikstofinhoud en gevolglik ook premieprys op ton per hektaar negatief beïnvloed. Veral in die suidelike droëlandproduksiestreke het té hoë stikstofvlakke die persentasie moutgraad- teenoor voergraad-lewerings negatief beïnvloed en baie produsente van 'n moontlike kwaliteitspryspremie ontnem.

Prof Kerstin Krüger of the University of Pretoria, Associate Professor: Dept of Zoology and Entomology, was nominated for her studies that have led to advanced knowledge on the relationship between plant diseases, insect herbivores and their host plants. She is an internationally renowned expert in the study of agriculturally important insect vectors of plant diseases and other insect pests on crops.

Prof Chrissie Rey, Professor: Micro-



Prof Zakkie Pretorius.

biology, University of the Witwatersrand. Professor Rey has identified and characterised plant pathogens in both natural ecosystems (forage grasses) and in seven important agricultural or feedstock crops, in particular tomatoes and cassava. Her principal contribution has been working with the diversification of local agriculture by improving cassava yield for poverty alleviation, food security and potential industrial applications.

Dr Abraham Singels, Principal Agronomist, South African Sugarcane Research Institute (SASRI); Extraordinary Professor University of Pretoria, Honorary Associate Professor University of KwaZulu-Natal. Dr Singels leads research at SASRI to deliver outcomes that support small- and large-scale sugarcane farmers in cultivating sugarcane in the face of increasingly sporadic rainfall and less-dependable irrigation water supply. His research proves that the sustainability of sugarcane production in SA is at risk due to the apparent effects of a changing climate.

An important aspect of the awards is the showcasing of South African science, engineering and technology and innovation to the public, which includes the year-long engagement programme between NSTF-South32 Award Winners, students and learners. ♡



- 1. Translaminêre beweging** vanaf die oppervlak van die blaar deur die selle na die teenoorgestelde kant van die blaar



- 2. Sistemiese beweging** in die xileem beskerm blare wat nog nie uitgekom het nie



- 3. Optimale bedekking en beskerming** van nuwe groei word verseker deur herverspreiding deur die lug

Acanto[®] 250 SC

SWAMDODER

 **CortevaZA** op Facebook

 **CortevaAME** op Twitter

 **@Corteva** op Instagram

UNIEKE SIEKTEBEHEER IN GARS EN KORING DEUR DRIELEDIGE BEWEGINGSEIENSKAPPE

'n Breëspektrumswamdoder wat deur die plant vervoer word deur middel van xileem-sistemiese en translaminêre verspreiding, sowel as gasaksie.

Dien voorkomend toe of met eerste tekens van siekte vir beste resultate.

Verbeterde stikstofmetabolisme en inhibering van etileenbiosintese lei tot vertraagde veroudering van gewas en die behoud van groen loofarea.

VIR MEER INLIGTING KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER: DuPont de Nemours South Africa (Edms) Bpk • **Plaaslike noodnommer:** +27 (0) 82 895 0621 (Slegs SA) **24-uurnoodnommer:** +32 3 575 5555 • Blok B, 1^{ste} Vloer, Whiteleyweg 34, Melrose Arch, Suid-Afrika

GBRUIK ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET • Acanto[®] 250 SC bevat picoxystrobin (Versigtig) | Reg. No. L8233 | Wet No. 36 van 1947 • Acanto[®] is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont[®]

Bank skenk R1 milj aan voedselverspreider

NEDBANK SE LANDBOU-AFDELING het 'n miljoen rand geskenk aan Suid-Afrika se grootste verspreider van voedselhulp, FoodForward SA. In ooreenstemming met die bank se fokus op die landboubedryf, sal hulle skenking hulp verleen aan FoodForward SA se projek-

te. As welsynsorganisasie wat in 2009 tot stand gekom het, verbind FoodForward SA diegene met surplus kos en produkte aan mense met 'n behoefte daaraan. Eetbare surplusvoedsel van goeie gehalte word by boere, kleinhandelaars en vervaardigers versamel vir verspreiding aan organisasies wat behoeftige mense bedien. Dié model staan as 'n voedselbank bekend.

FoodForward SA beskik oor pakhuisse en die logistieke infrastruktuur met verkoeling om surplusvoedsel op groot skaal te kan versprei. Meer as 30% van Suid-Afrika se voedsel word vermors en FoodForward SA het 'n uitreikprogram onder kommersiële boere begin om surplusvoedsel direk van plase af te skenk. Met hierdie skenkings kon die voedingswaarde van herwinde voedsel baie verbeter word. Boonop is die volume voedsel vergroot en kon FoodForward SA veel meer mense bereik.

Selfs voor die grendeltyd van Maart af, het Suid-Afrika volgens die Gini-koëffisiënt die grootste ongelykheid ter wêreld in sy bevolking. Die pandemie het die werkloosheidskoers vergroot. Dit dra volgens FoodForward SA daartoe by dat meer as 30 miljoen Suid-Afrikaners nie voedselsekerheid het nie, of die risiko loop om in die kategorie te beland van mense wat nie toegang het tot veilige voedsame voedsel nie. Die COVID-19-pandemie het die bestaande voedselkrisis vergroot en vir die eerste keer in dekades word gevalle van ondervoede kinders aangemeld.

John Hudson, Nedbank se hoof van landbou, sê FoodForward SA was 'n vanselfsprekende keuse as begunstigde van hulle skenking om kwesbare mense te help voed.

"FoodForward SA het die sakemodel,

infrastruktuur, administratiewe vermoë, bestuursvaardigheid en netwerk van rolspelers om voort te gaan met die verspreiding van voedsel aan behoeftiges en om hulle werksaamhede uit te brei. Die ekonomiese gevolge van die pandemie en die afgradering vergroot die dringende behoefte van voedselverspreiding aan behoeftiges. In die lig hiervan is die bank se finansiële bystand nie net vir ontvangers van groot belang nie, maar vir die hele land."

FoodForward SA se besturende direkteur, Andy du Plessis, sê Nedbank het benewens die skenking ook ander geleenthede vir die organisasie geskep.

"Nedbank was instrumenteel om nuwe vennootskappe met Agri SA en die Sitruskwekersvereniging te skep. Dit het ons in staat gestel om met sowat 28 000 boere en 1 000 landbouorganisasies in verbinding te kom sodat oortollige eetbare vars produkte aan gemeenskappe voorsien kan word.

"'n Direkte gevolg hiervan was die uitbreiding van FoodForward SA se voedselprogram in Limpopo, Mpumalanga en die Noord-Kaap en die verspreiding van vars produkte aan meer as 'n duisend begunstigde organisasies," sê Du Plessis.

FoodForward SA is deel van 'n internasionale beweging om hongersnood en die uitwerking op omgewingstoestande te verminder deur eetbare surplusvoedsel van goeie gehalte aan behoeftiges te voorsien. In vennootskap met verskeie rolspelers het dié welsynsorganisasie 'n ekostelsel ontwikkel waarin surplusvoedsel as katalisator vir verandering in gemeenskappe aangewend word.

Dié model dra by tot elf van die Verenigde Nasies se sewentien projekte vir volhoubare ontwikkelingsdoelwitte. Bykomend daartoe is die vermindering van voedselvermorsing die derde beste oplossing om klimaatsverandering te verminder. Vir elke ton voedsel wat herwin word, word vier ton kweekhuisgasse verminder. ♻️

Stigting help landbou met kospakkies aan behoeftiges



DIE MIKE LOUTFIE-STIGTING se jongste samewerkingsooreenkoms was met Agri SA en RSA Markagente om kospakkies aan behoeftiges van Bloemfontein te gee. Dit was moontlik danksy 'n skenking van 'n miljoen rand van Yara Africa Fertilizer aan Agri SA.

Die stigting se uitvoerende direkteur, Zani Kunz, sê dat daar in reaksie op die honger en vernietiging in gemeenskappe, voortgegaan word om gedurende die COVID-19 pandemie vars groente aan welsynsorganisasies te lewer. Die stigting het ook ruim skenkings van borge vir hulle projekte in voedselvoorsiening ontvang.

"Terwyl hierdie kosbydraes ons fokus bly, werk ons ook daaraan om die hongergaping kleiner te maak met meer volhoubare en langtermyn voedselhulp," sê Kunz. "Die gemeenskappe het ons hulp nodig omdat COVID-19 die nasionale hongersnood vererger het. As stigting in die hart van die varsproduktebedryf is ons genoodsaak om met betekenisvolle en werklike oplossings vorendag te kom om die gaping te verminder."

Met die skenking op Wêreldvoedseldag het Yara hulle dank uitgespreek om tot voedselprogramme te kon bydra en met Agri SA en sy affiliasies te kon saamwerk. ♻️

Sóveel produkte uit koring vervaardig



Sanet Naudé en Nico Hawkins
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

Koringmeel

Van 1 Oktober af tot 30 Junie 2020 is:

- 2 567 541 ton heelkoring in die tydperk van nege maande gemaal;
- 2 036 981 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar;
- 25 418 ton koringprodukte ingevoer en 22 983 ton uitgevoer.
- Faktore soos die registrasie van nuwe medewerkers, verandering in produsente se produkte en Covid-19 speel 'n rol in die groot persentasie verskille van 'n jaar-grondslag.

Panbrood

Vir die tydperk van nege maande is 1,8 biljoen panbrode gebak - 0,53% meer as in dieselfde tydperk van die vorige jaar. Dit is 197,6 miljoen brode per maand of 45,6 miljoen brode per week.

Tabel 2 toon die vergelykende hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Figuur 1 toon die totale soorte brode wat gebak is en **Figuur 2** toon die totale getal brode volgens gewig.

Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in Junie 2020 R15,19 gekos. Dit is 9,28% duurder as in Junie 2019 terwyl 'n bruinbrood van 700 g R13,32 gekos het, wat 5,30% goedkoper is as 'n jaar gelede.


Meer inligting kan op SAGIS se webtuiste verkry word by: www.sagis.org.za/products.

Tabel 1: Koringprodukte per maand vervaardig.


| Rapportering volgens heelgraan-bemarkingseisoen: Okt-Sep | 2018/'19 Okt '18 - Sep '19 (12 maande) | 2018/'19 Progr. Okt '18 - Jun '19 (9 maande) | 2019/'20 Progr. Okt '19 - Jun '20 (9 maande) | % Jaar op jaar |
|--|--|--|--|----------------|
| | Vervaardig (Ton) | | | |
| Koekmeel | 953 185 | 689 834 | 754 639 | 9,4 |
| Bruismeel | 19 464 | 12 956 | 14 135 | 9,1 |
| Witbroodmeel | 1 131 181 | 843 318 | 872 041 | 3,4 |
| Bruinbroodmeel | 396 131 | 297 626 | 296 867 | -0,3 |
| Ander meel (Industrieel) | 108 941 | 80 828 | 90 233 | 11,6 |
| Volkoringmeel | 5 445 | 3 408 | 6 058 | 77,8 |
| Semels | 669 835 | 495 582 | 522 072 | 5,3 |
| Semolina | 7 192 | 5 600 | 3 008 | -46,3 |
| Totaal produkte | 3 291 374 | 2 429 152 | 2 559 053 | |
| Totaal heelkoring gemaal | 3 272 342 | 2 416 026 | 2 567 541 | |

Tabel 2: Pangebakte brode.

| | 2018/'19 Totaal Okt '18 - Sep '19 (12 maande) | 2018/'19 Progr. Okt '18 - Jun '19 (9 maande) | 2019/'20 Progr. Okt '19 - Jun '20 (9 maande) | % Jaar op jaar |
|-------------------|---|--|--|----------------|
| | Eenhede | | | |
| Witbrood | 1 167 300 849 | 868 421 978 | 856 168 119 | -1,41 |
| Bruinbrood | 1 170 291 096 | 875 714 529 | 901 225 210 | 2,91 |
| Heelgraan | 29 047 090 | 21 844 894 | 19 945 501 | -8,69 |
| Ander | 4 269 092 | 3 577 270 | 1 665 296 | -53,45 |
| Groototaal | 2 370 908 127 | 1 769 558 671 | 1 779 004 126 | 0,53 |



Figuur 1: Pangebakte brood volgens soort brood, Okt 2019 tot Junie 2020.



Figuur 2: Pangebakte brood volgens gewig, Okt 2019 tot Junie 2020.



Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie

Sanet Naudé en Nico Hawkins
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

KORING

Internasionale en plaaslike vraag en aanbod

Tabel 1 toon die internasionale en plaaslike vraag en aanbod van koring in vergelyking met die vorige produksiejaar. 'n Gemiddelde berekende plaaslike voorraad van 278 583 ton (1,4 maand of 44 dae) sal aan die einde van die seisoen beskikbaar wees.

Internasionale en plaaslike pryse op 11 Augustus 2020

Tabel 2 toon hoe die jongste pryse van koring op die plaaslike en internasionale markte vir September en Oktober 2020 se kontrakte gewissel het.

Dit het \$27 per ton gekos om koring van Argentinië af na Suid-Afrika te verskeep en \$31 van die Golf van Meksiko af (VSA koring).

Tabel 3 toon die invoerpariteitspryse van VSA HRW-, VSA DNS-, Argentynse Trigo Pan-, EU Duitsland en Rusland Swartseekoring in vergelyking met 'n maand en 'n jaar gelede.

Figuur 1 en **2** toon die lande en hoeveelhede vanwaar koring ingevoer is, asook die lande waarheen koring uitgevoer is.

GARS, HAWER EN KANOLA

'n Opsomming van die internasionale en plaaslike vraag- en aanbodsituasie ten opsigte van gars, hawer en kanola, in vergelyking met die vorige produksiejaar, word in **Tabel 4** saamgevat.

Bronne: SAGIS, USDA, JSE, NOK, NLBR, Internasionale Graanraad. 🌾

Tabel 2: Die jongste pryse van koring op die plaaslike en internasionale markte vir September en Oktober 2020 se kontrakte.

| JSE | 2020/08/11 Prys R | % Maand op maand | 2020/07/10 Prys R | % Jaar op jaar | 2019/08/12 Prys R |
|-----------|-------------------------|------------------------|-------------------------|-------------------|-------------------------|
| Sept 2020 | 5 370,00 | 3,31 | 5 198,00 | 16,82 | 4 597,00 |
| Okt 2020 | 4 947,00 | 2,17 | 4 842,00 | 8,15 | 4 574,00 |

| KCBT | 2020/08/11 Prys \$ | % Maand op maand | 2020/07/10 Prys \$ | % Jaar op jaar | 2019/08/12 Prys \$ |
|-----------|--------------------------|------------------------|--------------------------|-------------------|--------------------------|
| Sept 2020 | 153,07 | -7,83 | 166,08 | 6,22 | 144,11 |
| Okt 2020 | 157,33 | -7,76 | 170,56 | 4,69 | 150,28 |

Bron: JSE Kommoditeite en KCBT

Tabel 3: Invoerpariteitspryse van koring op 11 Augustus 2020.

| Pryse gelewer in Randfontein | 2020/08/11 Prys R/t | % Maand op maand | 2020/07/14 Prys R/t | % Jaar op jaar | 2019/08/13 Prys R/t |
|------------------------------|---------------------------|---------------------|---------------------------|-------------------|---------------------------|
| VSA Golf | 5 556,57 | 2,21 | 5 436,20 | 6,20 | 5 232,18 |
| VSA DNS | 6 017,03 | 3,25 | 5 827,37 | 7,95 | 5 573,79 |
| Arg. Trigo Pan | 5 893,27 | 1,72 | 5 793,63 | 1,49 | 5 806,90 |
| EU Duitsland | 5 468,11 | 4,17 | 5 249,36 | 7,04 | 5 108,35 |
| Rus. Swartsee | 5 361,64 | 3,15 | 5 198,15 | 3,39 | 5 185,59 |

Bron: Internasionale Graanraad

Tabel 1: Internasionale en plaaslike vraag en aanbod vir koring.

| | Internasionaal | | | Plaaslik | | | |
|--------------------------------|-----------------------|------------------------|-------------------|---|-----------------------|------------------------|--------------------|
| | Projeksie 2020/'21 | % Vergelyking A & B | Prog. 2019/'20 | Prog. 2019/'20 Okt '19 - Jun '20 | Projeksie 2019/'20 | % Vergelyking C & D | Finaal 2018/'19 |
| | A | | B | | C | | D |
| Bemarkingsjaar | Julie - Junie | | | Oktober - September | | | |
| | (Miljoen ton) | | | ('1000 ton) | | | |
| Oesskatting | | | | | | | |
| Beginvoorraad | 300,9 | 6,0 | 283,9 | 539,1 | 539,1 | -25,3 | 721,5 |
| Lewerings | 766,0 | 0,2 | 764,1 | 1 488,6 | 1 503,0 | -18,6 | 1 847,2 |
| Invoer | 183,7 | -0,6 | 184,9 | 1 515,8 | 1 850,0 | 35,2 | 1 368,1 |
| Totaal: Verwerk ^(a) | 745,9 | 0,5 | 742,0 | 2 579,4 | 3 366,3 | 2,7 | 3 277,0 |
| Uitvoer ^(b) | 190,0 | 0,0 | 190,0 | 98,1 | 130,0 | 0,6 | 129,2 |
| Eindvoorraad | 316,8 | 5,3 | 300,9 | 866,0 | 400,6 | -25,7 | 539,1 |

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bronne: USDA, NLBR Vraag- en Aanbodkomitee, SAGIS


Tabel 4: Die internasionale en plaaslike vraag- en aanbodsituasie ten opsigte van gars, hawer en kanola.

| Bemerkingsjaar Okt - Sep | Internasionaal | | | RSA (SAGIS) | | |
|-----------------------------|-------------------------|------------------|-------------------|--|----------------|-----------------|
| | Vooruitsigte 2020/21 | | | Progressief 2019/20 Okt '19 - Jun '20 | | |
| | Gars Mil ton | Hawer Mil ton | Kanola Mil ton | Gars '000t | Hawer '000t | Kanola '000t |
| Oesskatting | | | | 345,0 | 16,5 | 95,0 |
| Beginvoorraad | 20,8 | 2,5 | 6,4 | 268,4 | 15,3 | 18,1 |
| Lewerings | 152,8 | 23,5 | 68,1 | 313,8 | 15,7 | 87,1 |
| Invoer | 24,9 | 2,4 | 15,0 | 44,8 | 59,4 | 0,0 |
| Aanwending ^(a) | 152,2 | 2,6 | 69,8 | 253,4 | 50,1 | 72,4 |
| Uitvoer ^(b) | 25,3 | 22,8 | 15,1 | 26,6 | 0,1 | 0,0 |
| Eindvoorraad | 20,9 | 3,1 | 4,6 | 353,6 | 40,0 | 33,3 |


(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bronne: SAGIS, USDA



Figuur 1: RSA koringinvoer 1 Okt 2019 tot 7 Aug 2020 (ton) volgens oorsprong.



Figuur 2: Koringuitvoer 1 Okt 2019 tot 7 Aug 2020 (ton) na Afrika.

Inligtingsdiens oor graan en oliesade is betroubaar en trustgeld veilig

HISTORIESE INLIGTING OOR graan dui belangrike neigings aan en is 'n hulpmiddel in die beplanning van en besluitneming oor voedselsekerheid en ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) doen sedert 1997 verslag oor graan en oliesade en word internasionaal erken en as maatstaf gebruik, sê dr Johan Purchase, voorsitter van SAGIS se raad van direkteure.

Hy het in SAGIS se jaarverslag van 2019/20 hulde gebring aan almal wat 'n bydrae tot die diens se prestasie gelewer het. Dit sluit die medewerkers, direkteure, hoofbestuurder en personeel in.

In ooreenstemming met een van SAGIS se doelwitte maak die diens nie voorspellings nie, maar rapporteer feitelike data sonder dat emosie, voordele en voorkeure betrokke is. Vier landboubedrywe is SAGIS se "eienaars" omdat die Mielietrust, Wintergraantrust, Sorghumtrust en Olie- en Proteïensade se Ontwikkelingstrust die diens befonds. Uit die vier bedrywe word SAGIS se raad van direkteure ook aangewys.

Sommige van die inligting wat SAGIS aan rolspelers voorsien en op hulle webtuiste publiseer, sluit weeklikse en maandelikse verslae en historiese gegewens in. Dit omvat produsente se graanlewering, vervoer, in- en uitvoer, produkte se vervaardiging en plaaslike en internasionale voorraadstatistiek. Produkpryse, pariteitspryse en invoerheffings word op datum

gehou en voornemens om mielies in en uit te voer word met rolspelers gedeel.

Volgens die jaarverslag word SAGIS se inligting hoofsaaklik deur handelaars en verwerkers, primêre produsente en beleidsmakers gebruik.

Medewerkers se samewerking om inligting te verskaf word weliswaar deur wetgewing voorgeskryf, maar SAGIS maak staat op vrywillige samewerking. Die sukses daarvan word weerspieël deur 99,8% van die maandelikse verslae wat ontvang word. Dit was gevolglik nie vir SAGIS nodig om enige medewerker gedurende die verslagjaar te vervolg nie. Die uitgangspunt is om problematiese medewerkers te besoek, op te lei en te help.

Volgens SAGIS se formule vir 'n aanduiding van koste om die inligtingsdiens te verskaf, het dit in 2019/20 R0,85 per ton gekos. Vir dié formule word SAGIS se uitgawes, die lewering van graan en oliesade en invoer in berekening gebring.

Een van SAGIS se afdelings is op inspeksies gerig om byvoorbeeld voorraad, ouditering, nuwe registrasies en kansellasies te kontroleer. Daarvoor is 899 persele landwyd besoek.

SAGIS self het soos in vorige verslagjare 'n ongekwalfiseerde ouditverslag ontvang. Volgens dr Purchase is dit 'n bevestiging dat die nodige kontrole, beleid en prosedures gevolg word om trustgeld te beveilig. ♡

Fertasa honours members and contributors

LIKE MANY ORGANISATIONS, the Fertilizer Association of Southern Africa (Fertasa) held their first virtual congress and general meeting, with the theme “2020 Vision for the Future”, dealing with the effects of Covid-19 on all aspects globally and in South Africa.

Dr Pieter Haumann, CEO of Fertasa, described the event as “successful”. Videos of the presentations and questions and answers regarding the presentations are available on the Fertasa website (fertasa.co.za).

The organisation’s annual report was delivered by Dr Erik Adriaanse, outlining the role and activities of Fertasa during 2019. Some Fertasa awards were announced, which will be physically made at a suitable function in future.

The Fertasa awards were:

- Gold medal award to Prof Robin Barnard for a lifetime contribution of excellence to agriculture in South Africa.
- Silver medal award in research to Prof Joanna Dames for her valuable contribution to the knowledge and understanding of Mycorrhizal fungi and their interaction with plants and other

soil microbes.

- Honorary Membership for service to Fertasa and its members to: Dr Arrie Janse van Vuuren, Prof Andries Claassens and Frans Joubert.

At the general meeting it was announced that small fertilizer companies were upgraded from affiliate members to ordinary members with voting rights, increasing the influence of these small fertilizer companies’ in the running of Fertasa.

Membership numbers of Fertasa have increased to the extent that membership fees have been discounted due to higher income derived from subscriptions and training courses.

A survey amongst members will be done to confirm additional future roles that members want Fertasa to play for them.

Two vacancies arose on the Board of Directors by the retirement of the Chairperson, Dr Adriaanse from Sasol, and the resignation of James Morotoba from Foskor. The vacancies were filled by the election of Niren Murugan, Regional Head South Africa (ETG), Kynoch, and Salo Minnaar, Commercial Director, Afrikelp. ♡



Outgoing Chairperson of Fertasa, Dr Erik Adriaanse.



Fertasa presented their gold medal to Prof Robin Barnard.



Prof Joanna Dames was awarded Fertasa’s silver medal award in research.



Dr Arrie Janse van Vuuren received Fertasa’s honorary membership.



Prof Andries Claassens received Fertasa’s honorary membership.



Frans Joubert received Fertasa’s honorary membership.



Ontgin die landboumark ten volle...

Maak gebruik van die spesialisite

UITGEWERS VAN:

Koringfokus / Wheat Focus:

Die spesialistyskrif vir kleingraan in Suid-Afrika

Vegetables & Fruit / Groente & Vrugte:

Ontgin alternatiewe moontlikhede in nismarkte

Subtrop Journal:

Joernaal vir avokado-, mango- en lietsjiekwekers

Navorsingsjoernale:

SA Avokadokwekersvereniging,
SA Mangokwekersvereniging,
SA Makadamiakwekersvereniging en
SA Lietsjiekwekersvereniging



MEDIAKOM
Uitgewers en verteenwoordigers

POTCHEFSTROOM: ☎ 018 293 0622 NORTHCLIFF: ☎ 011 476 3702 • Faks: 011 476 2038

E-pos: info@mediakom.co.za • www.mediakomcc.co.za

'n Wenresep vir kanola sukses...

ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

AGAMAX

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Matig
- Swartstam weerstand: Goed
- Weerstand teen omval: Baie goed

TANGO

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort
- Opbrengspotensiaal: Hoog (vaar goed in laer reënval areas)
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

QUARTZ NUUT!

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend



Takke:
Brackenfell: 021 981 1126
Cradock: 087 365 0010

George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765
Kimberley: 053 841 0675

Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za